LAERSKOOL FLORIDA

# Inskrywingsvorm *2027*

| **Vir kantoor gebruik:** |
|---|
| Graad: ______ / **2027 K** ______ |
| Toelatings nr: ______ |
| Rekening nr: ______ |

## 1. Leerder inligting

| *MERK ASB.* Linkshandig | | | Regshandig |
|---|---|---|---|
| Kind se van: | Plaas leerder in GR: /2027 | | |
| Vollename: | Geslag: | M | F | Geboortedatum: |
| Noemnaam: | ID nommer van leerder: | | |
| Vorige skool, dorp/stad en provinsie: | | | |
| Huistaal: | Taal van kommunikasie: | Ander tale magtig: | |
| Ras: | Ouers oorlede? JA NEE | Ma of/en Pa: | |
| Aantal leerders in Laerskool Florida: | Naam van leerder: Gr: | | |
| | Naam van leerder: Gr: | | |
| | Naam van leerder: Gr: | | |

## 2. Mediesefonds

| | | |
|---|---|---|
| Naam van hooflid: | Mediesefonds: | |
| Plan: | Nommer: | |
| Huisdokter: | Tel nr: | Allergie: |
| Kroniese siektes/spesiale behoeftes: | Behandeling: | |

## 3. Inligting van beide ouers (verpligtend)

| **Vader/voog** | **Moeder/Voog** |
|---|---|
| Voorletters en van: | Voorletters en van: |
| Noemnaam: | Noemnaam: |
| ID: | ID: |
| Werk nr: | Werk nr: |
| Sel nr: | Sel nr: |
| Huis nr: | Huis nr: |
| E-pos: | E-pos: |
| Beroep: | Beroep: |
| Maatskappy: | Maatskappy: |
| Werkadres: | Werkadres: |
| Woonadres: *(Domicilium citandi et Executandi)* | Woonadres: *(Domicilium citandi et Executandi)* |
| Posadres: | Posadres: |

# Inskrywingsvorm *2027*

## *4. Gesin Status (verpligtend)*

| Merk met X | | Albei ouers | | Stiefpa | | Stiefma | | Wewenaar | | Weduwee | | Voogde |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geskei- *bly by ma* | | Geskei- *bly by pa* | | Vervreem- *bly by ma* | | Vervreem- *bly by pa* | | Ander | | Woonsaam | | enkelouer |

## *5. Alternatiewe kontakpersoon (Nie ouers/voodge nie)*

| | |
|---|---|
| Naam en van: | Woonadres: |
| Verwantskap: | Sel nr: |

## *6. Nodige dokumente (verpligte dokumente)*

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Geboortesertifikaat afskrif | | Beide ouers se ID |
| | Oorplasingskaart van vorige skool | | Bewys van naaste fisiese adres aan skool |
| | Nuutste rapport van vorige skool | | Afskrif van mediese kaart |
| | Vorige jaar se rapport (kw 1 – 4) | | Bewys van immunisasie |

## *7. Onderneming deur ouer 2027*

| | |
|---|---|
| Waglys nommer: | |
| Ouer/voog se van: | Voorletters: |
| Kind se van: | Aantal leerders in skool: |
| Kind/ers se volle name: | 1. Graad: /2027 |
| | 2. Graad: /2027 |
| | 3. Graad: /2027 |
| | 4. Graad: /2027 |
| Adres: | Huis nr: |
| Werk nr: | Sel nr: |

1. Ek/Ons bevestig dat ek/ons behoorlik gemagtig is om hierdie onderneming te onderteken synde die wettige ouers, voogde.
2. Ek/Ons bevestig dat my/ons kind voldoen aan die toelatingsvereistes soos van tyd tot tyd neergelê deur die skoolhoof, Beheerliggaam en ouers.
3. Ek/Ons aanvaar die reëls en regulasies soos van tyd tot tyd neergelê deur die skoolhoof, Beheerliggaam en die ouers, en sal toesien dat my/ons kind hom/haar daarby neerlê.
4. Sou ek/ons besluit dat my/ons kind die skool moet verlaat, onderneem ek/ons om 1 (een) maand kennis van sodanige voorneme te gee en besef ek/ons dat ek/ons aanspreeklik sal wees vir die pro-rata skoolgeld vir hierdie periode ongeag of my/ons kind die skool bywoon al dan nie.
5. Ek/Ons lê my/ons neer by die bepalings van enige geldende Onderwyswetgewing.
6. Ek/Ons aanvaar dat die skoolhoof my/ons kind se bywoning kan beëindig, waar die gedrag van die leerder na die mening van die skoolhoof van so 'n aard is, dat dit die handhawing van behoorlike sedelike gedrag, dissipline of sosiale welsyn van die skool in gevaar stel.
7. Indien enige dispuut tussen my/ons of my/ons kind en die skool sou ontstaan, sal ek die beslissing van die Beheerliggaam of aangewese liggaam aanvaar as finaal en bindend
8. FINANSIËLE VERPLIGTINGE
   Ek onderneem om die skoolgeld PER LEERDER soos deur die Beheerliggaam voorgeskryf vir 2027 te betaal:

   JANUARIE-PAAIEMENT REEDS IN NOVEMBER BETAALBAAR ☐
9. BETAALWYSE: Ek verkies een van die volgende betaalwyses
   BALANS VAN SKOOLFONDS BETAALBAAR IN PAAIEMENTE:

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Kontantpaaiemente | | EFT Direkte inbetaling by bank |

## *8. Neem kennis*

***Finansies:***

8.1. Die betaal van skoolfonds is verpligtend en is ***MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR*, vóór die sewende dag van elke maand.** Indien gelde daarna betaal word, **sal rente gehef word.** Indien daar enige rede sou wees waarom betaling nie betyds of glad nie gemaak kan word nie, moet reëlings met die skool getref word. Reël asseblief 'n afspraak met die hoof of die finansiële kantoor. (Tel: 010-442-8999) Indien geen reëlings getref word nie, sal daar rente gehef word.

8.2. Ouers wat nie reëlings tref nie, of reëlings tref en dit nie nakom nie, sal aanspreeklik gehou word vir die volle skoolgelde, plus rente per leerder.

8.3. Ek erken hiermee dat bovermelde 'n geldige skulderkenning is en dat ek regtens daardeur gebind word.

8.4. Indien enige paaiement soos vermeld nie stiptelik op die vervaldatum daarvan betaal word nie, sal die volle uitstaande balans onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees en sal Laerskool Florida geregtig wees om regstappe teen my in te stel, sonder enige verdere kennisgewing aan my teen prokureur-en kliëntskaal.

8.5. Alle skoolgelde moet voor of op 31 Oktober 2027 ten volle vereffen wees en indien 'n leerder voor 31 Oktober 2027 die skool verlaat, sal die uitstaande bedrag pro-rata bereken word.

8.6. Neem kennis dat kragtens Art (41)(5)(a) van die Skolewet fooie binne 3 (drie) maande na ontvangs van eisbrief vereffen moet word.

***Indien u versuim om die bogenoemde voorwaardes na te kom binne drie maande vanaf die datum van hierdie kennisgewing, sal u rekening oorhandig word aan CeeBee Debt Management Services.***

***U sal dan verantwoordelik wees vir kostes wat aangegaan is in terme van die "Debt collectors Act" asook vir rente op die volle uitstaande skoolgelde, teen die maksimum rentekoers wat deur die wet toegelaat word.***

***Beskerming van persoonlike inligting*:**

8.7. Ek/ons, die ouer/s of wettige voog/de van die leerder, gee hiermee toestemming dat:

8.7.1 die skool my/ons persoonlike inligting wat deur die skool ingesamel, verwerk en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir doeleindes van die behoorlike funksionering en bestuur van die skool, soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid; en

8.7.2 die skool die leerder se persoonlike inligting (insluitend akademiese, bywoning, gedrags-en ander skoolverwante rekords) wat deur die skool ingesamel, verwerk, gedeel en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir die doeleindes van registrasie van die leerder in die skool, die behoorlike funksionering en bestuur van die skool, soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid.

8.8 Ek/Ons verstaan dat my/ons kind nie as leerder van die Skool geregistreer kan word en/of dat my/ons kind nie 'n ingeskrewe leerder van die Skool kan bly sonder dat die Skool sekere van my/ons en my/ons kind se persoonlike inligting, soos deur die Skool versoek, prosesseer nie.

8.9 Ek/ons bevestig dat ek/ons ingelig is dat die bogenoemde persoonlike inligting in ooreenstemming met die skool se POPI-beleid hanteer sal word, welke beleid op die skool se webwerf beskikbaar is, alternatiewelik op versoek aan die skool beskikbaar gestel sal word. Ek bevestig dat ek bewus is daarvan dat my/ons regte met betrekking tot die beskerming van my/ons persoonlike inligting ook volledig in hierdie beleid vervat word.

8.10 Ek/ons bevestig hiermee dat ek/ons verstaan dat dit my/ons verantwoordelikheid is om die Skool in te lig sodra enige van die persoonlike inligting wat ek voorsien het verander en onderneem ek/ons om die Skool spoedig moontlik van sodanige opgedateerde inligting te voorsien.

LET ASSEBLIEF DAAROP DAT ALLE VORIGE KORTING/REËLINGS VIR 2026 VERVAL EN DAT DAAR ELKE JAAR OPNUUT AANSOEK GEDOEN MOET WORD VIR KORTING.

- Aansoekvorms is direk by die Finansiële kantoor beskikbaar. Die vorm en proses word aan u verduidelik.
- Departementele prosedure vir elke aansoek word gevolg en elke aansoek word op sy eie meriete hanteer.
- Geen gelde word terugbetaal aan ouers van leerders wat die skool verlaat nie.

______________________________ ____________________

Handtekening van ouer Datum

LAERSKOOL FLORIDA

# Inskrywingsvorm *2027*

---

## ***SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET WET 84 VAN 1996***

## ***Regulasie vir die vrystelling van skoolgelde***

(merk asb met 'n kruisie waar van toepassing)

| ***NAAM VAN LEERDER:*** | ***GRAAD*** |
|---|---|
| | ***/2027*** |

| | | |
|---|---|---|
| 1. Het Laerskool Florida u ingelig oor die totale skoolgelde betaalbaar vir 2027? | JA | NEE |
| 2. Het Laerskool Florida u ingelig dat u verantwoordelik is vir die betaling van skoolgelde, tensy u vrygestel word vir betaling van skoolgelde? | JA | NEE |
| 3. Het die skoolhoof u ingelig oor u reg om aansoek te doen vir verligting van skoolgelde? | JA | NEE |
| 4. Wil u aansoek doen om verligting van skoolgelde? ***(Indien u wil aansoek doen, rus die onus op u om die aansoekvorm by die kantoor af te haal***.) | JA | NEE |
| 5. Het u hulp nodig om bogenoemde aansoek te voltooi? | JA | NEE |

________________________________________

NAAM EN VAN (OUER/VOOG)

________________________________________ __________________________

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG DATUM

______________________________

MNR RS SWANEPOEL
SKOOLHOOF